

Kan ek onbekommerd gaan slaap?

Donderdag 3 Maart 2022

Ps 4:9

“Nou sal ek onbesorg gaan lê en dadelik aan die slaap raak, want, Here, U alleen laat my veilig woon.”

Ons as mense het sekerlik almal een of ander tyd vrese of bekommernisse in die lewe. Bekommernisse gaan oor gesondheid, werk, siekte, ouderdom, huwelike, finansies en noem maar op. Dit kan maak dat ‘n mens so bekommerd is dat jy dalk selfs nie kan slaap nie.

Hoe dikwels hoor ons nie dat iemand sê dat hy/sy heelnag wakker gelê het weens een of ander probleem. Of iemand sê ek het ure rondgerol voordat ek aan die slaap geraak het.

Reeds in Psalm 3 lees ons van Dawid se bekommernis toe hy vir sy seun Absalom moes vlug. Dawid bekla sy lot teenoor God omdat hy so baie vyande het. Dawid was telkemale in die nood. As Dawid in die nood was het hy die regte ding gedoen, hy het na God gegaan in die gebed vir hulp.

Dawid bely ook dat God het hom bevry as hy in die nood was. Dawid bid voortdurend vir God se genade. Want Dawid weet en bely dat die Here wonders doen, dat die Here getrou is, dat die Here gebede hoor en verhoor. Daarom bely Dawid ook oor onsteltenis in **vers 5**:

“As jy ontsteld raak, moenie sondig nie; dink in stilte daarvoor na as jy gaan lê, en laat dit daarby!”

- Baie mense verwag onmiddellike uitkoms, genesing of redding van God.
- Baie mense dink dat God moet doen wat ek vra.
- Baie mense wil as ‘n ware God manipuleer met hulle gebede.

Ps 4:7

“Daar is baie wat sê: “Wie sal dit weer met ons goed laat gaan?” Wees ons tog weer goedgesind, Here, help ons!”

Maar ons moet op God vertrou. Want Hy het alreeds vir ons uitkoms gegee. Jesus Christus is ons vreugde en ons verlossing. Hy is die weg die waarheid en die lewe. Hy is die ewige vreugde wat ons het. Ja ook die Heilige Gees is aan ons belowe en is reeds uitgestort en sat al God se kinders gewederbaar.

- Ons wat waarlik glo is wedergebore en weet wie ons Verlosser en Koning is.
- Ons weet dat ons meer as oorwinnaars in en deur Jesus Christus is.
- Niks in die lewe kan ons skei van die liefde van God in en deur Jesus Christus nie.

DAAROM

Psalm 4:8 '53 OAV

“Ek wil in vrede gaan lê en meteens aan die slaap raak; want U, o HERE, alleen laat my in veiligheid woon.”

Psalm 4:9 '83 NAV

“Nou sal ek onbesorg gaan lê en dadelik aan die slaap raak, want, Here, U alleen laat my veilig woon.”

Ds Gerrit Kruger: Gereformeerde Kerk Centurion: Sel 082 964 5595: gskruger1@gmail.com